

**DIE PROJEKPLAN IS 'N DOKUMENT WAAROP ALLE PROJEKVOORSTELLE
INGEDIEN MOET WORD OM TE VERSEKER DAT HULLE, TER WILLE VAN EVALUARING,
EENVORMIG IS. VERDER, OM TE VERSEKER DAT AL DIE TER SAKE
INLIGTING OORWEEG WORD. DIT IS BEDOEL OM 'N PLAN VAN
VOORNEMENDE OPTREDE TE WEES WAARIN AANGEDUI WORD WAT, HOE,
WANNEER EN VIR WATTER DOEL DIE PROJEK VAN STAPEL GESTUUR WORD.**

1. PROJEKNOMMER (SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK):

0403 - Vukasebenze-Skuiling

CRADOCK RING (2011 – 2012)

**2. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN
PROJEKLEIER:**

	PROJEKVOORSTELLER	PROJEKLEIER
NAAM	RING VAN CRADOCK Vukasebenze-Skuiling Cradock	Oudl (me) Lena Bosch (Cradock-Noord)
POSADRES		Stone Hill, Posbus 469, CRADOCK 5880
E-POS		
FAKSNOMMER		048-8813527
TEL. WERK		
TEL. HUIS		048-8813527
SEL.		082 752 4348

(GETEKEN) L BOSCH

11.10.2010

(HANDTEKENING VAN PROJEKVOORSTELLER) (DATUM)

3. BESKRYF DIE DOEL/BEDIENING VAN DIE PROJEK:

Die Vukasebenze-Skuling is gebore tydens 'n armoedeseminaar van die Cradock-gemeentes van die Familie van NG Kerke en die plaaslike ACVV in 2005
Die projek wil 'n positiewe verskil maak aan die ontsaglike armoedeprobleem in Cradock en omgewing
Honger mense (tans ongeveer 90 per dag, 5 dae per week) word gevoed, klere word teen minimale koste beskikbaar gestel, werkloos word vaardighede aangeleer (sweiswerk, houtwerk, breiwerk, naaldwerk, bakwerk, handwerk, basiese rekenaargetuigskap), en weeskinders word versorg en begelei
Lidmate en ander lede uit die gemeenskap word betrokke gemaak by die nood van die armes dmv die aanbied van sommige van die klein kursusse, die voorberei van voedsel, en die beskikbaarstel van fondse
Werkloos uit die gemeenskap word teen 'n klein vergoeding in diens geneem.

4. BESKRYF DIE PERSONE, GEMEENTE, RING, INSTANSIE(S) WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT EN HOE DIT HULLE SAL BEVOORDEEL INDIEN DIT NIE REEDS BY PUNT 3 GENOEM IS NIE:

Sien by pt 3
Die bruikleen-ooreenkoms met die eienaars van die geboue waarin die Skuling tans gehuisves word is onlangs verleng na einde 2015. Die Beheer Komitee wil alle moontlike pogings aanwend om mettertyd 'n eie lokaal te bekom

5. BESKRYF DIE STAPPE/FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/FASES	TYDSVERLOOP
‘n Beheerliggaam, bestaande uit verteenwoordigers	
uit die 5 gemeentes en gemeenskap, bestuur die	
Skuiling en sy werksaamhede	
Tydens die Halfjaarlikse Algemene Vergadering (Oktober) word	
die werksaamhede vir die volgende jaar beplan	
Tydens die Haljaarlikse Algemene Vergadering (April) word die finansiële state nagegaan	
Die van dag tot dag bestuur word behartig deur die Skuilingbestuurder wat tydens ’n maandelikse vergadering aan die Dagbestuur rapporteer	

6. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN LEDE	VAN WAAR (GEMEENTE, ANDER)
Die huidige Dagbestuur van die	
Beheerliggaam bestaan uit	
die volgende persone :	
Voors : Ds Hansie Schutte	Cradock-Oos
O-voors : Mev Lena Bosch	Cradock-Noord
Sekr Bestuurder : Mev Gussie Botha	Cradock-Oos
Mev Sharon Hufkie	ACVV / Congregational Church
Mev Marie van Rensburg	ACVV / Cradock-Moedergemeente
Mnr Johan Carstens	Cradock-Moedergemeente
Mev Lorraine Prins	Metodiste Kerk
Tess : Mev Petra Breytenbach	Cradock-Oos

6.2 TOERUSTING:

BESKRYWING VAN TOERUSTING	HOEVEELHEID
Die meeste van die toerusting in die Skuiling is deur	
goedgesinde lede van die gemeenskap / instansies geskenk	
of op bruikleen beskikbaar gestel	
Enkele artikels (bv industriële wasdroër / elektriese gereed-	
skap) is aangekoop)	
Die maandelikse uitgawes beloop tans ongeveer R 8000, en	
dit	
word befonds deur skenkings en die inkomste uit klein	
projekte (bv die bak en verkoop van vetkoek op Donderdae	
en brood op Vrydae)	

6.3 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR (BYVOORBEELD: HULP MET TIKWERK, INTERNET, AFROLWERK, VERSENDING, ENSOMEER):

BESKRYWING	WANNEER BENODIG
Die Skuiling het 'n Oorhoofse Bestuurder in diens	
en sy maak van 'n redelik goed-toegeruste kantoor	
gebruik	

6.4 ANDER:

6.5 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.5.1 UITEENSETTING:

BEGROTINGSITEMS	BEDRAG
REISKOSTE	
VERBLYFKOSTE	
REKENAARUITGAWES	
SKRYFBEHOEFTE	
DRUKWERK	
TELEFOON	
POSGELD	
VERVERSINGS	
ANDER (SPESIFISEER ASSEBLIEF):	R 96,000
Die jaarlikse uitgawes beloop tans R 96,000 – die Ring wil	
graag 'n bedrag van R 10,000 tot hierdie uitgawe-begroting	
bydra – die gemeentes / gemeenskap dra die res by	

6.5.2 SKEDULE:

DATUM	BEDRAG
01.03.2011	R 10,000

6.5.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

Elektroniese oorbetalings aan Ringsfonds, Ring van Cradock
(Ringskriba : Ds Japie Taljaard – Colesberg-gemeente)

7. ENIGE ANDER SAKE WAT OORWEEG MOET WORD:

Baie dankie vir u gunstige oorweging – die hulp tot dusver by wyse van
ringsprojekte ontvang (R 40,000 oor die afgelope drie jaar) het die Skuiling
in staat gestel om met sy dienslewering te kon voortgaan